NG Gemeente Lyttelton-Oos

Begelei mense tot 'n lewe in oorvloed

www.lytteltonoos.org.za | Woensdag 24 Mei 2006 | Wat is 'n lewe in oorvloed?

Indien jy die gemeente finansiëel wil ondersteun, klik hier:

AKTIWITEIT EN BEDIENINGE:
Klik op die blokkie hieronder vir meer inligting. Hou jou dagboek byderhand!

AKSIE TWEE +
Volgende byeenkoms 28 Mei
Jou persoonlikheid en jou verhoudings

ADORAMUS
Aanbiddingsdiens Volgende geleentheid is 14 Junie om 20:00

MOSAÏEK
Elke Sondagaand om 19:00 behalwe gedurende skoolvakansies / langnaweke

PINKSTER
Die Fees van die Gees!
29 Mei - 1 Julie 10:00 en 19:00

KINDEREREDIENSTE
Elke Sondag behalwe langnaweke en skoolvakansies

BLOKBYEENKOMSTE
Blok 3: 4 Junie / Blok 4: 11 Junie

GEBEDSBEDIENING
Elke Sondag om 09:00. Kontak Hannelie du Preez by 082 908 3992

PINKSTER 2006

DIE FEES VAN DIE GEES!

In Joh 10:10 sê Jesus dat Hy gekom het om vir ons die lewe te gee, en dit in oorvloed. Dit beteken dat Hy gekom het om vir ons 'n lewe van liefde, vreugde en vrede te kom gee. Maar hoe bewerk Hy hierdie lewe in ons? Hy doen dit deur sy Gees in ons in te stort. Dit wat Hy aan die kruis en deur sy opstanding ***vir*** ons gedoen het, doen Hy deur die Gees ***in*** ons.

Maandag 29 Mei tot Donderdag 1 Junie
10:00 en 19:00

Hoe kom ek op hoogte met die heel nuutste nuus oor die gemeente, geloofsake en kerklike gebeure?
Deur gereeld Lyttelton-Oos se BLOG te besoek!

Besoek ons Blog

NUWE BEDIENING

Het jy 'n vaardigheid wat dalk van nut kan wees vir ander?

KOM ONS HELP MEKAAR!

Ons het almal een of ander tyd hulp van een of ander aard nodig. Ons kan nie almal alles doen nie. Ons is nie almal ewe vaardig op alle terreine nie.

Maar: ons is deel van 'n gemeenskap met 'n verskeidenheid gawes, vaardighede en talente. Kom ons poel dit en wees bronne van hulp vir mekaar!

Vul jou naam en besonderhede Sondag by die inligtingstafel in. Klik hier vir meer inligting.



In die stof van die rabbi van Nasaret

"'n Talmid (dissipel) moet sy/haar rabbi so nougeset volg dat die stof van sy rabbi se voete hom/haar bedek."
- Joodse gesegde

- Hoe oud was die dissipels?
- Wat se geleerdheid het Jesus gehad?
- Watter soort klere het Jesus gedra?
- Wat moes jy doen om deur 'n rabbi aanvaar te word as sy *talmid*?
- Watter rol het Johannes die Doper in Jesus se lewe gespeel?

Kom loop in Galilea en Judea se stof agter Jesus aan. En kom beleef hoe jou geloof daardeur verryk word!

21 Mei - 11 Junie
Sondae 19:00 (Mosaïekdiens)



Nuwe lig op

OPENBARING

Hoe het die mense van die eerste eeu Openbaring gelees en verstaan?
Wanneer ons hierdie antwoord hoor dan verstaan ons self Openbaring!

13 Augustus - 17 September
Sondae 19:00 (Mosaïekdiens)

Kaart na kerkterein

Laai preke af

KLUB IMMERGROEN Saterdag 10 Junie

Die waarde van genade is God se onvoorwaardelike liefde vir almal. Dit is die *basis* waarop ons verhoudings gebou word en kry gestalte:

in ons verhouding met GOD wanneer ons ons VERHEUG in sy liefde,
in ons verhouding met MEKAAR wanneer ons mekaar VERGEWE
in ons verhouding met ANDER wanneer ons God se liefde VERTOON in die wêreld waarin ons leef.

Die volgende bedieninge bevorder die waarde van GENADE:

Gasvryheidsbediening
Diensevangelisasie
Nuwe intrekkers
Mosaïek-diens
Eredienste
Jeugfeeste

Klik op die pyltjies vir meer inligting.
Hierdie bediening is aktief
Hierdie bediening is nog nie aktief nie
Hierdie bediening gaan eersdaags afskop

Die waarde van gemeenskap is ons saamwees as broers en susters binne 'n spesiale huisgesin: die huisgesin van God. Dit vorm die *konteks* waarbinne ons verhoudings funksioneer. Hierdie verhouding kry gestalte:

in ons verhouding met GOD wanneer ons VERTROU op ons Vader se sorg,
in ons verhouding met MEKAAR wanneer ons mekaar VERSORG en help en dien,
in ons verhouding met ANDER wanneer ons ander in ons midde VERWELKOM en tuis laat voel.

Die volgende bedieninge bevorder die waarde van GEMEENSKAP:

Helpmekaar bediening
Nuwe lidmaatverwelkoming
Klub Immergroen
Wyks- en blokbediening
Kleingroepe
Sekerheidsbediening
Eredienste
Tienerbediening: Koffiekroeg

Die waarde van gebed is ons konstante en noue kontak met die Here. Dit vorm die *kern* waarrondom ons verhoudings wentel. Hierdie waarde kry gestalte:

in ons verhouding met GOD wanneer ons ons verhouding met Hom VERDIEP,
in ons verhouding met MEKAAR wanneer ons mekaar VERSTERK deur voorbidding en gesamentlike aanbidding,
in ons verhouding met ANDER wanneer ons die wêreld VERANDER deur gebed

Die volgende bedieninge bevorder die waarde van GEMEENSKAP:

Gebedsbediening
Eredienste
Adoramus-diens
Kinderbediening: Kindereredienste
Tienerbediening: Jeugdiens
Mosaïek-diens
Retreats
Gemeentebiduur /-bybelstudie

Die waarde van groei is die ontwikkeling en van die groot hoeveelheid potensiaal wat die Here in ons in gebou het. Dit is die *potensiaal* wat daar in ons verhoudings geleë is. Hierdie waarde kry gestalte:

in ons verhouding met GOD wanneer ons toelaat dat Hy ons VERNUWE,
in ons verhouding met MEKAAR wanneer ons mekaar VERRYK deur mekaar se potensiaal raak te sien,
in ons verhouding met ANDER wanneer ons ons wêreld konstant VERBETER deur sout en lig te wees,

Die volgende bedieninge bevorder die waarde van GROEI:

Mosaïek-diens
Tienerbediening: Kategese
Eredienste

Die waarde van gehoorsaamheid is die opneem van ons roeping / taak / opdrag wat ons van die Here gekry het. Dit is die *doel* waarop ons verhoudings gerig is. Hierdie waarde kry gestalte:

in ons verhouding met GOD is wanneer ons onsself met hart en siel aan God se droom vir die wêreld te VERBIND,
in ons verhouding met MEKAAR is wanneer ons ons funksie binne die liggaam van Christus te VERVUL,
in ons verhouding met ANDER is wanneer ons daarin slaag om God se liefde in hierdie wêreld te VERMENIGVULDIG.

Die volgende bedieninge bevorder die waarde van GEHOORSAAMHEID:

Aksie Arbeiders vir die Oes
Matlala uitreik
Koffiekroegbediening
Rehabilitasiesentrum vir straatkinders
Bybelverspreiding

INLIGTINGSTAFEL

Om die gemeente te dien met inligting rig ons elke Sondag 'n inligtingstafel in by die tee-luik en sal tussen die twee dienste beskikbaar wees. Kom besoek ons gerus en kuier oor 'n koppie tee!

GEMEENTEPROGRAM

SONDAG, 28 MEI
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman.Tema: Die huisgesinvan God versterk mekaar
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman. Tema: Die huisgesin van God versterk mekaar
12:00 Aksie Twee + byeenkoms. Spreker: Johan Herholdt. Tema: Jou persoonlikheid en jou verhoudings.
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek: In die stof van die Rabbi (2/4)

MAANDAG 29 MEI
10:00 Pinksterbiduur
19:00 Pinksterbiduur

DINSDAG, 30 MEI
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
10:00 Pinksterbiduur
19:00 Pinksterbiduur

WOENSDAG, 31 MEI
10:00 Pinksterbiduur
17:30 Biduur
19:00 Pinksterbiduur
19:00 KAF-vergadering

DONDERDAG 1 JUNIE
10:00 Pinksterbiduur
19:00 Pinksterbiduur

SONDAG 4 JUNIE
Deurkollekte noodlenigingsfonds
09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman.Tema: Die huisgesin van God verryk mekaar
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman. Tema: Die huisgesin van God verryk mekaar
12:00 Blokbyeenkoms Blok 3
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek: In die stof van die Rabbi (3/4)

ROMMELVERKOPING

Die volgende rommelverkoping vind plaas op DINSDAG 6 JUNIE vanaf 0630.
Ons soek dringend enige arftikels wat in onbruik geraak het. U kan dit afgee by Ria Maree, Fitzpatrickweg 21, 664-3364, OF Dries van der Merwe, Van Riebeecklaan 149, tel. 664-2469. Die belangrikste is egter om hulp te kry met die merk van die arftikels op MAANDAG 5 JUNIE. Skakel vir Ria of Dries en bied u hulp aan. Dit sal opreg waardeer word. Die fondse gaan vir Bybelverspreiding.

GEBEDSVERSOEKE:

Wil jy graag hê dat ons gebedspan vir jou (of iemand anders) intree? Plaas gerus jou versoek in die houers op die inligtingstoonbank. versoeke kan anoniem wees. "Geloof is vrees in gebed geborge".

Lyn en Jacques hardloop weer vir Bybelverspreiding.

Lyn de Bruin neem hierdie jaar weer deel aan die Comrades Marathon en gemeentelede kry weer die geleentheid om hulle per kilometer te borg vir Bybelverspreiding.

Lyn skryf:

Dear Friends
The 16th of June, Comrades is 5 weeks away!
For the past 7 years my motivation and reason to keep on running the Comrades has been flamed through an incentive of our Church to collect as many bibles through donations/sponsorships (R25.00 per km)
as possible. The generosity of my friends, parish, colleagues and family have kept me going each year and
willed me to complete each of my last 6 races.
I would be most grateful if you could help me make this a bumper collection year as this will be my tenth
Comrades. Help us, Jacques Martins and myself, to make a difference in someone else's life, someone that may not be
able to purchase one of their own or that still have to be introduced to Jesus and the Bible.
If you are willing and able to help with this worthy cause please contact me or you can bank your donation in
Absa account no: 1810 1025, Centurion Branch with the reference Bibles/your name.

Die Kerk in die Media

Hier is 'n seleksie uit berigte, briewe en rubrieke wat in die media verskyn het die afgelope week wat handel oor die kerk, die christelike geloof en ander godsdienstige sake. Ons verskaf nou ook op ons gemeente se Web Log (Blog) - (www.lytteltontonoos.org.za/blog) skakels na artikels op die web oor kerk en godsdiens. U kan ook inteken op 'n gereelde e-pos wat deur die Algemene Sinode se inligtingsdiens verskaf word deur 'n e-pos te rig aan ngkinlig@mweb.co.za

KERNUUS

Megakerk; Hoe groter, hoe beter?

Rapport (Perspektief), 14.05.2006, p 1, Anastasia de Vries

Dié halfvergete spreekwoord kry nuwe betekenis wanneer jy na die duisende triomfantelike siele kyk wat Sondae opruk na die verstommende kerkverskynsel van die afgelope twee, drie dekades: die megakerk.

Nie dat diegene wat hulle met die ingebruikneming van 'n nuwe kerkgebou in Moreletapark, Pretoria, voorverlede Sondag in 'n verkeersknoop vasgery het en elders heen op pad was, besondere sielevreugde gesmaak het nie. Terwyl klein gemeentes dikwels verdwyn of saamsmelt om aan die lewe te bly en hul lidmaattalle van vyfhonderd tot duisend wissel, praat die megakerk van vyftien, twintig keer soveel. Wêreldwyd word dié groot gemeentes - gewoonlik met meer as 2 000 mense in 'n Sondagdiens - beskou as 'n beduidende ontwikkeling in die Christendom.

Die verstommendste lidmaattal is dié van die Yoido Volle Evangeliese Kerk in Seoel, Suid-Korea, wat in Mei 1958 in 'n tent begin is en tot die grootste enkele kerk (gemeente) ter wêreld gegroei het, met meer as 800 000 lidmate... Of die Hillsongkerk in Sydney, Australië, met 15 000 kerkgangers wat op 'n Sondag daarheen stroom en die Lakewoodkerk in Houston waar Pastoor Joel Osteen Sondae die grootste Amerikaanse kerkskare - meer as 30 000 in drie dienste - trek Terwyl gevrees word dat tot 60% van die hoofstroomkerke in Amerika binne dertig jaar hul deure kan sluit, het die evangeliese megakerke die afgelope vyf jaar hier verdubbel tot 1 210, met sowat 1 700 Rooms-Katolieke megakerke. Ook Suid-Afrika ken die verskynsel van die megakerk, waaronder die NG gemeente Moreletapark in die suidooste van Pretoria met 17 000 lidmate en die Rhemagemeente in Randburg wat op 38 000 staan... Megakerke - en die kleiner makrokerke van so om en by 5 000 lidmate - se terrein en geboue is veel meer as die konvensionele kerk-konsistorie-en-saal van die konvensionele kerke. Dis as't ware veeldoelige kampusse wat vir 'n verskeidenheid bedieninge voorsiening maak.

Die kerkgeboue self word ouditorium en teaters genoem en is inderdaad in die styl van reuse-teaters, eerder as kerke, gebou. Op Moreletapark se nuwe terrein is dan ook plek vir vier oorloopsale waarvan twee sowat 600 sitplekke en die res sowat 150 het. Die nuwe sentrum het tans parkeerplek vir 3 000 voertuie. In die ou Rubinsteingemeenskapsentrum, waar die ouditorium plek vir 1 500 mense het, word kerkdienste in Afrikatale gehou en van die kerk se administrasiekantore gehuisves. Altesame 27 pastore, onder wie pastoor Ray McCauley, lei Rhema se vyf Sondagdienste vir tussen 16 000 en 18 000 aanbidders...

Kleiner as megakerke, maar groter as die gemiddelde gemeente, is die makrokerke, waarvan baie sterk groei en in hul bedieningswyse met die megakerke ooreenstem. In Fairland, Johannesburg, byvoorbeeld, trek die Mosaïekkerk toenemend aandag. Dié kerk was eers 'n gemeente van die Apostoliese Geloofsending, maar is nou selfstandig... Die His People-sentrum in die Kaap (sowat 10 000 m2 groot) het 'n hoofouditorium waar tot 5 000 mense met gemaak op persrooi teaterstoele inpas, terwyl hulle onder meer die woorde van die gesange op drie skerms bo 'n verhoog kan volg... Te groot, te oorweldigend, te druk, veral vir diegene wat onder meer stille wyding en persoonlike aandag soek, sê die kritici. Dié te groot kerke is behep met getalle en geld, meen ander, terwyl sommige vrees dat die enkeling heeltemal tussen die menigtes verdwyn. En dat weens die kerke se massa-aard die prediking vervlak omdat vir die grootste gemene deler voorsiening gemaak moet word.

Megakerke en kerkgroeibewegings word beskuldig van 'n verwêreldlikte evangelisasie wat sukses en aanhang bo die teologie en Bybelgetrouheid stel. Megakerke, sê dr Os Guiness, Amerikaanse skrywer, in sy boek Prophetic Untimeliness, moet waak teen 'n oorbeklemtoning van gebruikersvriendelikheid, want hulle is "so besig om by te hou met die postmodernisme dat hulle voortdurend aanpas by wat die wêreld sê nodig is om relevant te wees". In Evaluating the Church Growth: Five Views maan prof Howard Synder van die Asbury Theological Seminary dat die fokus op megakerke die neiging versterk om deur die skouspelagtige verstom te word en te dink dat as dit by kerke kom, is groter ook beter. Van dié kritici, soos Michael J. Penfold in sy The Purpose Driven Church op die wikipedia-webwerf, verwyt megakerke dat die verpakking van die Woord niks anders as vervanging is nie: 'n verhoog pleks van 'n preekstoel. Powerpoint in die plek van gesangeboeke. 'n Rock-groep waar eens orrelspel was. Pret, en nie heiligheid nie, gee volgens Penfold hier die toon aan. Harde musiek, multimedia-aanbiedinge en 'n lekker praatjie vervang sang en die preek. Massa-evangelisasie met die klem op goeie beligting, klank, sitplekke, atmosfeer, die estetiese, kindersorg en kleedkamers. Uitleg moes die knie buig voor vermaak, die preek voor 'n vertoning, dogma het voor drama geswig en teologie moes wyk voor toneelspel, meen Penfold. En dan het 'n mens nog nie eens geraak aan megakerke se (beweerde) liefdesverhouding met die sakewêreld nie, sê die kritici. Groot getalle, groot geld. Dis nie die die volle waarheid nie, sê ds Dirkie van die Spuy, gemeenteleier van Moreletapark. "Ja, met groter getalle het 'n mens 'n sterker finansiële basis, maar 48% van ons begroting word bestee aan gemeenskapsprojekte buite die gemeente." Van die R95 miljoen wat die nuwe sentrum gekos het, is R63 miljoen reeds betaal en beloop die kerk se begroting vir die komende jaar sowat R32 miljoen. Met sowat negentig heeltydse personeellede, onder wie tien heeltydse leraars, opleidingsprogramme vir lidmate, ander gemeentes en gemeenskapsdiens is daar nie sprake van welvaart nie.

Moreletapark, sê van der Spuy, is gereformeerd, maar met 'n oopheid om te vernuwe. Dit beteken nie om van die Skrif af te wyk nie, maar om die Woord eietyds te laat leef. "Ons het verskillende spiritualiteite, nie net raserige vrolikheid nie. Ons styl, musiek en aanbieding is dalk informeel, maar ons sal nie die teologie en die Woord verwater nie."

En volgens hom tref hulle voorsorg dat die enkeling nie deur die massa verswelg word nie. "To go bigger, you must go smaller. Daarom het ons klein omgeegroepe waar lidmate vriendskap en geestelike steun kry. En vir dié wat wil, is daar ook 'n diens van stilte in die week." Met sestig bedieninge doen hulle als in hul vermoë om elke lidmaat betrokke te kry sodat elkeen kan voel hy of sy het hier 'n tuiste, sê hy.... Wat die kritiek op dié verskynsel ook al is, megakerke is klaarblyklik 'n aanbod vir 'n (groeiende) mark. En diegene wat anders gesind is, kan steeds elders gaan. ☐Bronne: www.csmonitor.com, www.wikipedia.org/wiki/Megachurch

NGK sal dán deformeer

Die Burger, 13.05.2006, p 19, Dr Adelbert Scholtz, Durbanville

Die artikel van Neels Jackson "Moreletapark wys na nuwe tipe NG Kerk" (DB, 3/5), en die reaksie van NG-lidmaat (Brieweblad, 7.5), Anton Roux (Brieweblad, 8.6) en Hennie van der Merwe (Brieweblad, 10/5) kan nie onbeantwoord gelaat word nie. Jackson breek 'n lansie vir die gedagte dat groot gemeentes beter funksioneer met 'n "leier-leraar" aan die spits. Hy gee toe dat dit teen die tradisionele denke indruis (en verswyg dat dit ook met die Nederlandse Geloofsbelydenis bots), maar regverdig dit deur te wys op die vermeende behoefte aan 'n leiersfiguur onder die predikante.
Roux wys daarop dat die gemeente Vredelust in Bellville met 'n soortgelyke situasie sit en dat dit allerlei wantoestande meebring. Luidens 'n berig in die Son van 16 Desember 2005 het die ring van Bellville en die Wes-Kaapse sinodale appélkommissie inderdaad die "senior leraar" van Vredelust, asook die ander lede van die dagbestuur van die kerkraad - wat die eintlike maghebbers in die gemeente is - skuldig bevind aan oortredings van die derde gebod, die vyfde gebod (ongehoorsaamheid), die negende gebod (leuens) en wanbestuur. Dwarsdeur die Nuwe Testament word die bestuur van gemeentes kollektief aan 'n kerkraad opgedra - nooit aan 'n enkeling of 'n klein kliek nie... Die King-verslag oor goeie korporatiewe bestuur het al lankal daarop gewys dat dit maklik op wanbestuur uitloop as 'n klein groepie die septer in 'n organisasie swaai - en dit is skynbaar wat in Vredelust gebeur het.... Hennie van der Merwe se beskrywing van "gereformeerde karakter" van die kerk is 'n karikatuur. Dit het niks met kleredrag en musiekstyl te doen nie... Indien meer gemeentes die paadjie van Moreletapark en Vredelust volg, sal die NG Kerk vinnig deformeer en nie meer 'n kerk wees waar Christus die enigste hoof en koning is nie.

DF Malan se rol in politisering van NGK bekyk

D*ie Burger, 13.05.2006, p 23, Malani Venter*

STELLENBOSCH - Die voormalige eerste minister dr DF Malan het nie 'n direkte invloed op die kerk se formele strukture gehad nie, maar het die politiek godsdienstig benader. Dít is die bevinding van me Lindie Korf (24), 'n doktorale student aan die departement geskiedenis van die Universiteit Stellenbosch, wat gister hier tydens 'n seminaar Malan se rol in die verpolitisering van die NG Kerk (NGK) bevraagteken het in 'n lesing "Podium of preekstoel?" Die vraag of Malan se invloed op die kerk vanaf die podium of vanaf die preekstoel gekom het, en die invloed van sy denke oor nasionalisme en godsdiens op die Afrikaner-samelewing het óók onder die vergrootglas gekom. Malan het geglo in die verskil tussen die formele instellings, die kerk en staat, en geloofstelsels, soos godsdiens en nasionalisme, het Korf bevind. Volgens haar is dit onwaarskynlik dat Malan se "gehoor" (die Afrikaner) dieselfde onderskeid as hy getref het. In Malan se afskeidspreek in 1915 het hy duidelik die belangrikheid van die skeiding tussen die instellings van die kerk en staat gestel: "Die staat mag nooit bloot 'n werktuig van die kerk word vir bloot kerklike doeleindes nie. En die kerk op sy beurt mag nooit 'n speelbal van die staat, 'n onderafdeling van die politiek, word nie." ... Hy het nie 'n uitgewerkte program of ideologie gehad nie, maar eerder 'n stel beginsels - 'n man wat geglo het aan beginselvastheid en die belangrikheid om 'n eie identiteit te behou.... Met sy bewindsoorname in 1948 was die NGK "verheug" dat 'n leier wat sy afhanklikheid van God erken het premier geword het. Toe die NG Kerk in 1950 totale apartheid voorgestel het, het Malan dit as "onprakties" afgemaak. Prof Fransjohan Pretorius, historikus en voorsitter van die geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, het aan Die Burger gesê hy stem met Korf se bevindings saam.

Oorleef?

Die Burger, 13.05.2006, p 18, DJS

Sommige sê die gedagte kom al van Bernard van Clairvaux - die 11de eeuse geestelike wat ook vir Andrew Murray sou inspireer, soos die naam van sy Wellingtonse woning Clairvaux herinner - maar dan net as gedagtegoed, nie as enige lied wat oorleef het nie. Die lied se woorde is eers van die 17de eeuse Paul Gerhardt, 'n eeu later deur Bach verewig as koraal in sy Matteus-Passie, "O Haupt voll Blut und Wunden"... Een van die talle berymings (James Alexander 1830, "O sacred Head, now wounded") eindig op merkwaardige wyse. "O make me Thine forever; and should I fainting be, Lord, let me never, never outlive my love to Thee."... Laat ek tog nie langer lewe as my liefde vir U nie... Wat sal dan nog ván my oorbly? Dit klink na Openbaring se klag dat die gemeente hul vroeë jeugliefde verloor het. Maar dis ook breër toepaslik, op álle liefdes in ons lewe, al ons vroeëre liefdes... As 'n mens só sinies word, so belangeloos, so apaties dat vroeëre vreugdes jou koud laat, hoe leeg is jou lewe nie? ... In ons kultuur en tydsgees hoef niemand eens oud te word om dié sinisme te voel knaag nie, sommige sterf al daaraan in hul fleur, nog vóór hulle ooit regtig iets beleef het oor lééf.

Leraar in seks-saak mag na Brittanje gaan

Die Burger, 13.05.2006, p 2, Carryn-Ann Nel

KAAPSTAD - 'n Britse predikant wat daarvan beskuldig word dat hy 'n 10-jarige seun seksueel aangerand het in Seepunt, het gister hier in die landdroshof toestemming gekry om terug te gaan na Engeland mits hy oor drie maande vir sy verhoor terugkeer. Dié 52-jarige man, wie se naam nie genoem mag word totdat hy gepleit het nie, het gister hier in die landdroshof aansoek gedoen om tydelik na Engeland terug te keer om werkverpligtinge na te kom... Van der Merwe het beslis dat die sitting in camera gehou kan word en dat net joernaliste en twee vroue van die Homestead Shelter, 'n weeshuis waar die 10-jarige seun bly, teenwoordig kan wees. Mnr David Jacobs, staatsaanklaer, het aangevoer dat meer klagte by die klagstaat gevoeg kan word... Die beskuldigde is reeds op borgtog van R1 000 vrygelaat... Die hof het gehoor die beskuldigde het aandele in die land van tussen R700 000 en R900 000 en het geen vorige oortredings of sake hangende teen hom nie...

Nog twee vas oor gru-moord by kerk

Die Burger, 16.05.2006, p 13, Chantelle Nicholas

PAARL - Nog twee verdagtes is aangekeer in verband met die moord op 'n kerkopsigter van die Paarl wat na bewering in 'n satanistiese ritueel vermoor is. Mnre Aniel Pharoah (25) en Edwill Gerber (22) het gister saam met mnre Evans Marani (29) en Selwyn Adonis (22) in die landdroshof hier verskyn op aanklag van die moord op mnr Charles Jacobs, opsigter van die Church of Jesus Christ of the Latter-Day Saints, 'n Mormoonse kerk in Klein Drakensteinweg... Jacobs se lyk is in November verlede jaar op die kerkterrein gevind nadat 'n bloedspoor na 'n pakkamer gelei het, waar sy liggaam gevind is. Die woord "Satun" (sic) is ook met sy bloed geskryf en strome bloed oor sy gesig het hard geword... Die saak is tot 26 Junie uitgestel.

DA VINCI CODE

Moenie 'Da Vinci Code' vir soetkoek opeet - Tom Hanks

Die Burger, 13.05.2006, p 3, (Sapa-APF)

LONDEN - Die akteur Tom Hanks het Donderdag 'n beroep deur kerk- en godsdienstige groepe om sy nuwe fliek, The Da Vinci Code, te boikot, gekritiseer en gesê hulle neem dit te ernstig op. "Ons het altyd geweet daar sal sekere sektore van die samelewing wees wat nie wil hê die rolprent moet vertoon word nie," het hy aan Londen se Evening Standard gesê... "Die storie wat ons vertel is vol allerhande nonsies en prettige prooijagtery."... "Dis 'n góéie storie en baie pret ... Al wat dit is, is dialoog. Dít het niemand nog ooit seergemaak nie." Kritici van The Da Vinci Code, wat volgende week in Frankryk op die Cannes-rolprent bekendgestel word, beweer dat

die tema - dat Christus kinders by Maria Magdalena verwek het en dat hul nageslag vandag voortleef - godsdienstig godslasterlik is. Wêreldrolspelers wat die fliek teenstaan, sluit in die konserwatiewe Katolieke organisasie Opus Dei, wat in die (fiktiewe) fliek daarvan beskuldig word dat hulle die geheim verdoesel, en die Vatikaan, wat dit as "pervers anti-Christelike" bestempel het.

'Da Vinci-fliek is flou'; Resensente nie gaande: 'n gelag en gesis by voorvertoning

Die Burger, 18.05.2006, p 16, Pieter Malan

LONDEN -Die rolprent The Da Vinci Code is geen meesterstuk nie en as riller het dit "dringend mediese hulp nodig", sê mense wat dit reeds gesien het... The Times se resensent gee die prent drie uit 'n moontlike vyf sterre en sê "die storie is so verregaande dat dit trane van blydskap birng."... Hy sê akteurs "wandel deur groot stukke geskiedenis en leërskares van kruisvaardergeeste soos paniekbevange studente op 'n eindelose toer van Gotiese kerke." Die gevolgtrekking: "Die fliek is 'n kraaines van gekke idees met 'n goeie dosis godsdienstige psycho-babble, maar dis eindeloos makliker om dit te vergewe as die boek waaruit dit voortgespruit het." Die ontvangs by die Cannes-rolprentfees was nog meer negatief... "Ons is veral ongelukkig oor die feit dat die vervaardigers geweier het om 'n mededeling aan die begin van die rolprent te vertoon om te sê dat die storie fiksie is." Só 'n verklaring is veral belangrik in die lig van navorsing wat gister in Londen gepubliseer is wat toon dat amper twee derdes van Britte wat The Da Vinci Code gelees het, glo dat Jesus wél 'n kind by Maria Magdalena gehad het...

Ontsluit die Da Vinci Kode

Die Burger, 17.05.2006, p 14

The Da Vinci Code - Onskuldige fiksie of 'n berekende aanval op die Christelike geloof? The Da Vinci Code, die omstrede boek van Dan Brown, word deur gesaghebbende teoloë wêreldwyd ontmasker as doelbewuste misleiding, deurspek met teologiese foute wat as die 'waarheid' voorgehou word. Dit is 'n blatante en lasterlike ondermyning van die persoon van Jesus Christus, betwyfel die betroubaarheid van die Bybel en bevat verskeie vals aantygings oor die integriteit van die Kerk.
Die hooftemas van The Da Vinci Code:
*Jesus se identiteit: Volgens Brown is Jesus bloot 'n mens en het die Kerk eers in die vierde eeu op 'n sinode met 'n klein meerderheid besluit dat Jesus 'n Goddelike aard gehad het. Christene weet op grond van die getuienis in die Skrif, en empiriese historiese inligting, dat Jesus die Seun van God en die beloofde Messias is.
*Jesus se dade: Hoewel Jesus die sondelose Verlosser is beweer Brown dat Jesus en Maria Magdalena getroud was en 'n nageslag gehad het wie se bloedlyn in die Franse koningshuis te vind is.
*Die oorsprong en inhou van die Bybel: The Da Vinci Code trek die Bybel se betroubaarheid in twyfel. Brown beweer dat die Bybel deur keiser Konstantyn die Grote in die vierde eeu as Bybel aanvaar is, terwyl die werklike vroegste Christelike dokumente onderdruk is.
*Die vroeë Kerk se boodskap: Brown beweer dat die Kerk vroue, en ook die waarheid oor die historiese Jesus lank onderdruk het. Die ware boodskap van die eerste-eeuse kerk was egter redding, bekragtig deur die fisieke opstanding van Jesus, wat bevestig is deur ooggetuies. Besoek www.davincideception.co.za vir die ware feite oor die fiksie.

'Da Vinci Code' ondergrawe glo geloof

Die Burger, 17.05.2006, p 3, Reuters

LONDEN - The Da Vinci Code het geloof in die Rooms-Katolieke Kerk" ondergrawe" en die kerk se geloofwaardigheid "ernstige skade berokken", het gister geblyk uit 'n meningsopname onder Britse lesers van Dan Brown se topverkoper-roman. Baie mense is glo geneig om te glo dat Jesus kinders gehad het nadat hulle Brown se boek gelees het en dit is vier keer meer waarksynlik dat hulle sal dink die konserwatiewe Katolieke groep Opus Dei is 'n "moorddadige sekte", 'n Ontstellende aantal mense neem die boek se vals aansprake inderdaad baie ernstig op," het mnr Austin Ivereigh, mediasekretaris van kardinaal Cormac Murphy-O'Connor, hoof van die Rooms-Katolieke Kerk in Engeland en Wallis, gesê... Opinion Research Business (ORB) het verlede naweek onderhoude gevoer met meer as 1 000 volwassenes en tot die gevolgtrekking gekom dat 60% van dié wat die boek gelees het, glo dat Jesus kinders by Maria Magdalena gehad het ... Die Engelse groep dring daarop aan dat die rolprentweergawe van The Da Vinci Code, waarvan die wêreldpremiére vandag by die Cannes-rolprentfees plaasvind, met 'n "gesondheidswaarskuwing" uitgereik moet word...

'Normale' Opus Dei 'verwerk mal goed moeilik'

Die Burger; 13.05.2006, p 3, Reuters

NEW YORK - "Ons is normaal." Só sê me Barbara Falk, 'n 50-jarige onderwyser oor Opus Dei, 'n organisasie waaarvan sy die afgelope 26 jaar lid is. Dié konserwatiewe Katolieke organisasie word in Dan Brown se blitsverkoper The Da Vinci Code uitgebeeld as 'n geheime organisasie wat bereid is om moord te pleeg om 'n Katolieke geheim van 2 000 jaar oud is te bewaar... Opus Dei is 'n konserwatiewe Katolieke organisasie wat in 1928 deur Jose Maria Escriva gestig is. Dié organisasie het 85 000 lede, waarvan 2 000 Rooms-Katolieke priesters is. Dié organisasie probeer die "slegte indruk" wat Brown se boek en die rolprent oor sy werksaamhede wek nou teenwerk met die bekendstelling van 'n nuwe uitgawe van Escriva se boek The Way, wat die eerste keer in 1939 verskyn het. Falk sé die feit dat sy en die organisasie "baie normaal is", maak dit nóg moeiliker om die "mal goed" te verwerk wat oor Opus Dei gesê word.

Murrays verwar Boesak

Die Burger, 12.05.2006, p 15, Johan Rossouw, Worcester

Die artikel oor dr Allan Boesak se toespraak met die ontvangs van die Andrew Murray-prys verwys (DB, 8/5). Dr Boesak verwys na dr Andrew Murray as (mede-) formuleerder van die noodlottige en rampspoedige ter-wille-van-die-swakheid-van-sommige-besluit van die sinode van 1857. Dr Boesak sê ook in sy toespraak dat "Murray (verwysende na dr Murray) hierdie voorstel ... voorgedra het".
Dit was natuurlik op voorstel van ds Andrew Murray (sr.) van Graaff-Reinet (dr Andrew Murray se vader) dat die sinode die besluit geneem het. Dit is 'n bietjie duimsuiery om uit die beskikbare bron dr Andrew Murray die formuleerder of selfs mede-formuleerder te maak van die voorstel wat deur sy vader gemaak is. Die feit dat dr Boesak sy Murrays verwar, doen geen afbreuk aan die boek waarvoor die prys uitgeloof is nie.

Die storie kom altyd eerste

Die Burger, 17.05.2006, p 16, Willemien Brümmer

In die dae voor Hemelvaart dink ek dikwels aan prof Bernhard Banaschewski. Veral noudat hy in Maart vanjaar sy 80ste verjaardag gevier het - in Hamilton, Ontario. Met sy imposante figuur en bokbaard is hy stéédś 'n ontdekkingsreisiger in die onbekende abstraksies van die wiskunde. Hy kan egter óók steeds ongeërg jongelinge onder die tafel in drink en tot laatnag rinkink... Ek sien steeds voor my geestesoog hoe Bernhard die private "Kindergarten" beskryf waarheen sy hom gestuur het. Dit is bedryf deur 'n "vertroueling" met 'n ewe sterk hekel aan die kerk... "Hoewel nie een van ons godsdienstig grootgemaak is nie, het ons darem al van die Hemelvaart gehoor... As ywerige jong wetenskaplikes het ons gou op een kritieke punt begin konsentreer: Hoe lank sou jy Jesus se voete kon sien?" "Natuurlik het ons daarvoor voorsiening gemaak dat alles sou saamhang met hoe bewolk die weerstoestande was. Ons het ook gewonder of hy sandale gedra het." ... Sy ma het 'n "noodbesoek" ontvang van die kleuterjuffrou, wat by van die ander ouers van die "verskriklike gesprek" gehoor het. Die aantyging? Dat die arme kleuterjuffrou godsdiens aan die leerders

“opdwing”... “Gelukkig het die gesprek 'n positiewe afloop gehad: My ma en die juffrou het saamgestem dat hulle spesifieke voorkeure oor opvoeding en godsdiens gehad het. Hulle het egter ook ooreengekom dat hulle helaas nie aan hul kinders kan voorskryf wátter vrae hulle moet stel nie.” Wat Anne en die juffrou nagelaat het om te sê, is dat jy ook nie aan 'n storie durf voorskryf nie - al het dit met die wetenskap of die teologie te make. Soos die digter Muriel Rukeyser gesê het: “the universe is made of stories, not of atoms.”